

Hoofstuk 1: Klanke (*Sounds*)

Oefeninge

Basies

1. Is die klanke in die volgende woorde kort vokale, lang vokale of tweeklanke?

Lang vokale: meer, dier, boek, nuut, hael

Tweeklanke: meeu, feit, muis, rooi, prys

Gevorderd

2. Verdeel die volgende woorde eers in klankgrepe en daarna in lettergrepe.

radio:	ra-dio	ra-dio
gogga:	go-ga	gog-ga
langer:	lang-er	lan-ger
ouers:	ou-ers	ou-ers
vertrek:	ver-trek	ver-trek
klaskamer:	klas-ka-mer	klas-ka-mer
muisie:	mui-sie	mui-sie
kraai:	kraai	kraai
sokker:	so-ker	sok-ker
kombuis:	kom-buis	kom-buis

Hoofstuk 2 Woordsoorte (*Parts of Speech*)

Eenheid 1: Selfstandige naamwoorde (*Nouns*)

Oefeninge

Vlak 1

1. Skryf die meervouds- en verkleiningsvorme van die volgende woorde neer.

	Meervoud	Verkleining
rugsak	rugsakke	rugsakkie
hoed	hoedens	hoedjie
klip	klippe	klippie
berg	berge	bergie
selfoon	selfone	selfoontjie
swembad	swembaddens	swembadjie
toeris	toeriste	toerissie
gil	gille	gilletjie
hawe	hawens	hawetjie
rondawel	rondawels	rondaweltjie

[Annotate as table]

Vlak 2

2. Gebruik die volgende verkleinwoorde in sinne om aan te dui dat elkeen ten minste twee verskillende betekenisse het.

a) velletjie:

Ek skryf die hotel se nommer op die velletjie papier neer. (*paper*)

Die baba se velletjie is baie sag. (*skin*)

b) lappie:

Ek gebruik die lappie om die water op te droog. (*material*)

Die boer het 'n klein lappie grond. (*patch of ground*)

c) bordjie:

Ek eet op die klein bordjie sodat ek nie te veel kos inskep nie. (*plate*)

Daar is 'n bordjie daar voor waar ons seker sal sien hoe ver ons nog moet ry. (*roadsign board*)

d) kersie:

Daar is een kersie op die koek. (*candle*)

Ek sit kersies in die vrugtekoek. (*cherries*)

e) kuiltjie:

Ons swem in die kuiltjie by die waterval. (*pool*)

As sy lag, dan sien mens haar kuiltjie. (*dimple*)

Hoofstuk 2 Woordsoorte (*Parts of speech*)

Eenheid 2 Byvoeglike naamwoorde (*Adjectives*)

Oefeninge

Basies

1. Gee die intensiewe vorme van die byvoeglike naamwoorde tussen hakies:

- a) seepglad
- b) trommeldik
- c) doodstil
- d) wêreldberoemde stoksielalleen
- e) spotgoedkoop doodseker peperduur
- f) vreklui doodgelukkig

Gevorderd

2. Gee die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord tussen hakies.

- a) moeë onaangename
- b) droë diep
- c) skurwe
- d) gladde hoë
- e) beste
- f) bespreekte ekonomiese
- g) interessante Durbanse

Hoofstuk 2 Woordsoorte (*Parts of Speech*)

Eenheid 3 Voornaamwoorde (*Pronouns*)

Oefeninge

Basies

1. Onderstreep die korrekte voornaamwoord wat tussen hakies gegee word.
 - a) Jy moet (jou/joune) nuwe stapskoene uittrap voor ons met vakansie gaan.
 - b) Nomu het (haar/hare) horlosie tydens die vakansie verloor.
 - c) Hoekom dra julle (julle se/julle/julle s'n) handbagasie onder (julle se/julle/julle s'n) arms?
 - d) Die Hugenate-tonnel (waarmee/waarby/waardeur) die toerbus ry, is baie lank.

Gevorderd

2. Verbind die volgende sinne deur betreklike voornaamwoorde te gebruik.
 - a) Dit is die hek waaroor ek gespring het.
 - b) Sien jy die springbokke waarna ek kyk?
 - c) Die fliek, wat ons gisteraand gekyk het, is interessant.
 - d) Hier is die toergids by wie Mandela al die inligting gekry het.
 - e) Die vliegtuigsitplek waarop ek sit, is gerieflik.

Hoofstuk 2 Woordsoorte (*Parts of speech*)

Eenheid 4 Werkwoorde en Hulpwerkwoorde (*Verbs and auxiliary verbs*)

Oefeninge

Basies

1. Onderstreep die werkwoorde in die volgende paragraaf. Skryf die hele paragraaf uit.

Binnekort is dit somervakansie. Sommige van ons ry see toe, ander kuier by familie wat hulle lanklaas gesien het. Die res van ons bly tuis. Grootmense geniet die heerlike sonskyndae terwyl hulle in die tuin werk, langs die swembad lê of die een boek na die ander lees. Dit klink na ideale planne, maar wat van jongmense wat avontuur wil hê?

Gevorderd

2. Kies die hoofwerkwoord wat die sin korrek voltooi. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer. Maak dan sinne met die woorde wat jy nie kies nie.
 - a) As jy wil gaan rondrits, moet jy (plan/beplan) vir 'n veilige reis.
beplan
My plan is om volgende jaar oorsee te gaan.
 - b) Jy kan maklik al op die eerste dag van jou oorsese vakansie (geroof/beroof) word.
beroof
Baie vuurwapens is die afgelope tyd geroof.
 - c) Jou vakansie is bederf as jou paspoort of beursie (besteel/gesteel) word.
gesteel
Ek is besteel terwyl ek geslaap het.
 - d) Daar is 'n paar wenke wat jy kan (vervolg/volg) om veilig te wees wanneer jy oorsee reis.
As jy nie jou paspoort het nie, kan jy vervolg word.
 - e) Google die Suid-Afrikaanse ambassade se adres en kontakbesonderhede voordat jy met vakansie (trek/vertrek).
Ons trek net na die vakansie Durban toe.
3. Gee die regte vorm van die werkwoorde tussen hakies. Skryf die hele sin uit en onderstreep die korrekte antwoord.
 - a) (Dophou) altyd jou bagasie.
Hou altyd jou bagasie dop.
 - b) Jy moet altyd bewus wees wat om jou (gaan) (aan).
Jy moet altyd bewus wees wat om jou aangaan.
 - c) (Invul) jou reisprogram aanlyn sodat jou familie weet waar jy is.

- Vul jou reisprogram aanlyn in sodat jou familie weet waar jy is.
- d) Onthou jy moet ook reisversekering (neem) (uit).
Onthou jy moet ook reisversekering uitneem.
- e) (Ronddwaal) in vreemde stede om mooi foto's te neem.
Dwaal in vreemde stede rond om mooi foto's te neem.

4. Skryf die volgende sinne oor in goeie Afrikaans.
- a) Do not allow anybody to open your luggage.
Moet niemand toelaat om jou bagasie oop te maak nie.
- b) Close your suitcase with a cable tie.
Maak jou tas met 'n kabelbinder vas.
- c) Close your account.
Sluit jou rekening.
- d) Will you get it right ?
Sal jy dit regkry?
- e) Get your luggage.
Kry jou bagasie.
- f) You will get lost in the city.
Jy sal verdwaal in die stad.
- g) Get into the bus.
Klim in / op die bus
- h) You will get sick in the snow.
Jy sal siek word in die sneeu.
- i) Do not get into trouble in a foreign country.
Moenie in 'n vreemde land in die moeilikheid beland nie.

Oefeninge

Basies

5. Onderstreep die hulpwerkwoorde in die volgende sinne en benoem hulle. Skryf elke keer die sin volledig uit.
- a) Jy moet 'n afskrif van die ambassade se besonderhede in jou tas hou.
- b) Jy kan ook die land wat jy besoek, se noodnommers google.
- c) Jy behoort altyd 'n werkende selfoon by jou te hou.
- d) 'n Plaaslike SIM-kaart word op die lughawe deur baie toeriste gekoop.
- e) Baie ongelukkige toeriste is al deur sakkerollers beroof.

Basies

6. Verbeter die woordorde in die volgende sinne. Skryf die sinne oor.
- a) Ons het gevlieg na Milaan in Italië.
Ons het na Milaan in Italië gevlieg.
- b) Volgende week ons sal ook Parys toe vlieg.
Ons sal volgende week ook Parys toe vlieg.
- c) Ons toerbus word bestuur deur 'n Hollander.

- Ons toerbus word deur 'n Hollander bestuur.
- d) In Switzerland jy moet stuur 'n poskaart vir jou ouers.
Jy moet vir jou ouers 'n poskaart in Switzerland stuur.
- e) Gelukkig jy kan praat Engels met die toerleier.
Jy kan gelukkig Engels praat met die toerleier.

Oefeninge

Basies

7. Vul te /om te in. Skryf die sin uit.
- a) Reisversekering help jou mediese noodgevalle hanteer. (te/om te).
Reisversekering help jou om mediese noodgevalle te hanteer.
- b) Dit behoort ook te help as jou tas besluit wegraak (om te /te)
Dit behoort ook te help as jou tas besluit om weg te raak.
- c) Jy hoef nie vir almal wys dat jy 'n nuwe kamera het nie. (te/om te)
Jy hoef nie vir almal te wys dat jy 'n nuwe kamera het nie.
- d) (Te/Om te) reis is 'n voorreg.
Om te reis is 'n voorreg.
- e) As jy meer van die wêreld sien, help dit jou Suid-Afrika meer waardeer. (om te/te)
As jy meer van die wêreld sien, help dit jou om Suid-Afrika meer te waardeer.

Gevorderd

8. Voltooi die onderstaande sinne deur die regte woorde uit die blokkie in te vul.

behoort	behoort nie	hoef nie	mag	mag nie	moet	moenie
---------	-------------	----------	-----	---------	------	--------

- a) Niemand ____ beroof te word nie.
hoef/mag
- b) 'n Mens ____ ander mense se besittings te respekteer.
behoort/moet
- c) Rugsakke en ander bagasie ____ sonder toesig gelos word nie.
moenie/mag nie.
- d) Kinders onder sestien ____ sonder toesig reis nie.
mag nie
- e) Toeriste ____ hul selfone op straat gebruik nie.
moenie

Gevorderd

9. Skryf die volgende sinne oor en begin soos aangedui.
- a. Kinders geniet vakansies. Kinders behoort ____
Kinders behoort vakansies te geniet.
- b. Onderwyser gee nie huiswerk vir die vakansie nie. Onderwysers moet probeer ____
Onderwysers moet probeer om nie huiswerk vir die vakansie te gee nie.

- c. Dis nie nodig om vroeg op te staan nie. Niemand hoef ____
Niemand hoef vroeg op te staan nie.
- d. Hulle moenie verveeld raak nie. Hulle behoort nie ____
Hulle behoort nie verveeld te raak nie.
- e. Ouers gee vir hul kinders iets om te doen. Ouers is besig om ____
Ouers is besig om vir hul kinders iets te gee om te doen.

Basies

10. Kies die korrekte antwoord tussen hakies om die sin te voltooi.
- a) Ek (hou van / hou / hou daarvan) die natuur.
hou van
 - b) My ouers (hou van / hou / hou daarvan) om in die stad te kuier.
hou daarvan
 - c) Niemand (hou van / hou / hou daarvan) as dit naweke reën nie.
hou daarvan
 - d) Ek sal (hou van / hou / hou daarvan) om Namibië te besoek.
daarvan hou

Hoofstuk 2 Woordsoorte (*Parts of speech*)

Eenheid 5 Bywoorde (*Adverbs*)

Oefeninge

Basies

1. Skryf die volgende sinne in jou werkboek neer en onderstreep die bywoorde.
 - a) By al die groot ruskampe in die Krugerwildtuin (P) sal jy elke aand (T) warm water hê as jy stort.
 - b) Jy sal sonder moeite (W) kan kook, want daar is ook elektrisiteit.
 - c) Langs die swembad (P) kan jy lekker ontspan.
 - d) Die wegneem-kafeteria by elke ruskamp bedien jou baie flink (W).
 - e) Die inligtingsentrum by elke ruskamp gee ook gereeld (T) praatjies oor natuurbewaring.

Gevorderd

2. Rangskik die bywoorde tussen hakies in die korrekte volgorde.
 - a) Die Krugerwildtuin spog (by die Letaba-ruskamp / vreeslik / elke dag) met 'n olifantmuseum.
(elke dag / vreeslik / by die Letaba-ruskamp)
 - b) By die Berg-en-Dal-ruskamp sal jy witrenosters (mooi/gereeld/ met jou selfoon) kan afneem.
(gereeld / mooi / met jou selfoon)
 - c) Die vulstasie en 'n kampwinkel by Krokodilbrug-ruskamp bied jou (naby die chalets / heeldag) vriendelike diens.
(heeldag / naby die chalets)
 - d) Olifantskamp kyk (op die Olifantsrivier / wyd) uit.
(wyd / op die Olifantsrivier)
 - e) 'n Brand het (by Onder-Sabie-ruskamp / erg / 'n paar jaar gelede) verwoesting gesaai.
('n paar jaar gelede / erg / by Onder-Sabie-ruskamp)

Basies

3. Gee een woord vir die bywoord van tyd tussen hakies.
 - a) Skukuza-ruskamp word (elke jaar) deur duisende oorsese toeriste besoek.
jaarliks
 - b) By Shingwedzi-ruskamp sien 'n mens (elke dag) van die grootste olifante wat daar is.
daagliks
 - c) Satara is bekend daarvoor dat 'n mens (gedurende die dag) baie wild sien.
bedags
 - d) (in die nag) kan jy by Punda Maria die leeus duidelik hoor brul.
Snags

- e) Die meeste besoekers aan die Krugerwildtuin se ruskampe hou daarvan om (gedurende die aande) vleis te braai.
saans

Gevorderd

4. Skryf die volgende sinne oor en vul 'n bywoord in soos aangedui tussen hakies.
- a) Jy moet die Krugerwildtuin as jou vakansiebestemming kies. (bywoord van tyd)
Jy moet jaarliks die Krugerwildtuin as jou vakansiebestemming kies.
- b) Die hele gesin kan na die Krugerwildtuin reis. (bywoord van wyse)
Die hele gesin kan gemaklik na die Krugerwildtuin reis.
- c) Almal kan lekker uitrus. (bywoord van plek)
Almal kan hier lekker uitrus.
- d) Almal weet dis duur om te gaan vakansie hou. (bywoord van graad)
Almal weet dis verskriklik duur om te gaan vakansie hou.
- e) Jy verdien 'n vakansie. (bywoord van tyd en plek)
Jy verdien nou 'n vakansie oorsee.

Basies

5. Vul een van die volgende bywoorde in om die sin korrek te voltooi.

binnekort kort-kort kortliks

- a) Die Desembervakansie sal ... aanbreek. binnekort
- b) Ek kyk ... na die kalender om te sien wanneer die vakansie aanbreek. kort-kort
- c) Iemand moet my net ... verduidelik hoe om by die Krugerwildtuin uit te kom. kortliks

Basies

6. Kyk na die volgende prente wat elkeen 'n werkwoord voorstel. Maak nou sinne met elke werkwoord en vul 'n gepaste bywoord daarby in.

a)



b)



c)



- a) Koos kyk gou deur sy verkyker. (W)
- b) Ouma voer die duiwe voor haar chalet. (P)
- c) Jeff braai saans vleis vir sy gesin. (T)

Hoofstuk 2 Woordsoorte (*Parts of Speech*)

Eenheid 6 Deelwoorde (*Participles*)

Oefeninge

Basies

1. Vorm 'n teenwoordige deelwoord van die woorde tussen hakies.
 - a) Droom jy al van (speel) kinders op die strand?
spelende
 - b) Jy sien al jou (waai) hare in die wind.
waaiende
 - c) Jy dink aan die son wat soos 'n (gloei) bal in die see wegsink.
gloeiende
 - d) Jy dink liewers nie daaraan dat jy dalk in die (giet) reën jou tent moet opslaan nie.
gietende
 - e) (Aanhou) reën is nie welkom as die skoolklok lui en die see wink nie.
aanhoudende
2. Kies die korrekte spelling van die verlede deelwoord tussen hakies.
 - a) Het julle 'n nuwe of 'n (gebruikte/gebruikte) woonwa gekoop?
gebruikte
 - b) 'n Skoon (gewaste/gewasde) woonwa lyk altyd goed.
gewaste/gewasde
 - c) Maak net seker dat die (geskeurde/geskeurte) tent herstel word.
geskeurde
 - d) Jy kan selfs die (opgevoute/opgevoude) grondseil goed uitskud.
opgevoude
 - e) Sorg ook sommer vir 'n styf (gepompte/gepompde) noodwiel.
gepompte

Gevorderd

3. Vorm die korrekte verlede deelwoord van die woorde tussen hakies.
 - a. Ma kan lank voor die vakansie al (vries) kos begin voorberei.
bevrore
 - b. Dis mos darem soms lekker om (kook) kos by die see te eet.
gekookte
 - c. Dis minder lekker om jou vakansie met 'n rooi (brand) rug te begin.
gebrande
 - d. 'n Klomp (opwen) kinders kan maklik te lank in die son bly.
opgewonde
 - e. Wees verstandig in die son, want dan kan jy saans die (braai) wors geniet.

gebraaide

Hoofstuk 2 Woordsoorte (*Parts of Speech*)

Eenheid 7 Voorsetsels (*Prepositions*)

Oefeninge

Basies

1. Onderstreep die voorsetsels in die paragraaf.

Vir die meeste mense is dit 'n wonderlike geleentheid om oorsee te gaan. Daar word vir maande lank aan die toer beplan, navorsing oor al die lande word gedoen en elke sent word gespaar. Vir baie mense is dit nie meer snaaks om na Europa of Amerika te gaan nie. Maar was jy al in die mooi dele van jou eie land? Hoeveel keer was jy al op Tafelberg of in die Krugerwildtuin? Het jy al gesien hoe lyk die Drakensberge onder sneeu? Was jy al by die Mandela-plein in Johannesburg of in die warm water van Durban se strande? Het jy al tot by die *Hole in the wall* in Transkei gestap? Het jy op 'n koue wintersnag die sterre by Sutherland gesien? Voor jy weer aan 'n oorsese toer dink, kyk op jou Suid-Afrikaanse kaart en begin droom oor waar jy volgende jaar met vakansie gaan!

Gevorderd

2. Kies die korrekte voorsetsels in die blokkie en vul dit in.

in van op met teen

In Desember gaan die meeste Suid-Afrikaners **met** 'n see-vakansie, terwyl die mense **van** Europa **met/op** hulle nuwe ski's gaan ski. **Teen** die hange **van** die sneeubedekte berge sien 'n mens baie kinders wat saam **met** hul ouers ski.

Hoofstuk 2 Woordsoorte (*Parts of Speech*)

Eenheid 8 Voegwoorde (*Conjunctions*)

Oefeninge

Basies

1.
 - a) mits
 - b) derhalwe
 - c) omdat
 - d) want

Gevorderd

2. Verbind elke sin eers met die voegwoord **want**, dan met **omdat**, en dan met **indien**.
 - a) Ek wil graag toerisme as vak neem, **want** ek sal oor die wêreld heen kan reis.
Ek wil graag toerisme as vak neem **omdat** ek oor die wêreld heen sal kan reis.
Indien ek sal oor die wêreld heen kan reis, wil ek graag toerisme as vak neem.
Ek wil graag toerisme as vak neem **indien** ek oor die wêreld heen sal kan reis.
 - b) In toerisme sal ek alles van die beplanning van toere leer, **want** dit is baie nodig.
In toerisme sal ek alles van die beplanning van toere leer **omdat** dit baie nodig is.
In toerisme sal ek alles van die beplanning van toere leer **indien** dit baie nodig is.
 - c) Dit is harde werk om te gaan toer, **want** jy moet deeglik beplan.
Dit is harde werk om te gaan toer **omdat** jy deeglik moet beplan.
Dit is harde werk om te gaan toer **indien** jy deeglik moet beplan.
 - d) Sommige mense hou meer van 'n vakansie by die see, **want** dan kan hulle rus.
Sommige mense hou meer van 'n vakansie by die see **omdat** hulle dan kan rus.
Sommige mense hou meer van 'n vakansie by die see **indien** hulle dan kan rus.
 - e) Ek wil 'n toerisme-diploma hê, **want** ek kan ander mense met hulle toere help!
Ek wil 'n toerisme-diploma hê **omdat** ek ander mense met hulle toere kan help!

Ek wil 'n toerisme-diploma hê **indien** ek ander mense met hulle toere kan help!

Hoofstuk 2 Woordsoorte (*Parts of Speech*)

Eenheid 9 Lidwoorde (*Articles*)

Oefeninge

Basies

1.

- a) Die; die
- b) 'n

Gevorderd

2.

- a) Daar word na 'n spesifieke groep mense verwys wat op die trein is, wat middagete gekry het.
Dit klink of wie ook al op die trein is, middagete gekry het.
- b) Die spesifieke motor is moeilik om in Parys te bestuur – dit klink of daar fout met die motor is. Dit klink asof 'n ander motor makliker bestuur gaan word.
Om enigsins 'n motor in Parys te bestuur, sal 'n nagmerrie wees – nie oor die motor nie, maar oor die verkeer.

Hoofstuk 2 Woordsoorte (*Parts of Speech*)

Eenheid 9 Telwoorde (*Numerals*)

Oefeninge

Basies

1. 4 vier
12 twaalf
27 sewe en twintig / sewe-en-twintig
40 veertig
48 ag(t) en veertig / ag(t)-en-veertig
80 tagtig

Gevorderd

2. Kies die regte antwoord in hakies.
 - a) honderde
(Daar was honderde mense op die veerboot na Engeland.)
 - b) kilometer
Die Walvisstaproete by De Hoop is ongeveer 60 kilometer lank.
 - c) Drie
(Drie jaar gelde was die beste Desember-vakansie ooit.)

Hoofstuk 2 Woordsoorte (*Parts of Speech*)

Eenheid 10 Tussenwerpsels (*Interjections*)

Oefeninge

Basies

Mammie!	Uitroep van ontsteltenis: dalk 'n kindjie se roep na sy ma as hy in die moeilikheid is of bang is
Ha!	Uitroep van sarkasme met 'n gevoel van <i>Ek het jou mos gesê!</i> /Iemand wat betersweterig is.
Sie-sie!	Uitroep van bewondering
Help!	Uitroep om hulp
Joe!	Uitroep van bewondering/verbasing
Nee, man!	Uitroep van woede/bevel-uitroep
Ja, man!	Uitroep van opgewondenheid (wanneer 'n drie gedruk word)
Hokaai!	Uitroep van ontsteltenis / bevel-uitroep
Foei!	Uitroep van simpatie (siestog!)

(LW: Daar mag ook nog betekenis wees.)

Gevorderd

2.

woede	Nee! Ek wil jou nooit weer sien nie!
ontsteltenis	Genugtig! Is jy mal?
bemoediging	Toemaar! Hou net aan, dit sal beter word.
gelukwensing	Mooi! Baie geluk met daardie prestasie!
hartseer	Ai ... my hart is so seer.
pyn	Eina! Dit is so seer!

Hoofstuk 3 Sinstrukture (*Sentence structures*)

Eenheid 1 Hooftye (*Tenses*)

Oefeninge

Basies

1. Skryf die sinne eers oor in die verlede tyd en dan in die toekomstige tyd.
 - a) Jou hart klop vinniger na 'n goeie danssessie.
Jou hart het vinniger geklop na 'n goeie danssessie.
Jou hart sal vinniger klop na 'n goeie danssessie.
 - b) Om saam met ander mense te dans, gee jou selfvertroue.
Om saam met ander mense te dans het jou selfvertroue gegee.
Om saam met ander mense te dans, sal jou selfvertroue gee.
 - c) Musiek en dans bring jou gees en liggaam in voeling met mekaar.
Musiek en dans het jou gees en liggaam in voeling met mekaar gebring.
Musiek en dans sal jou gees en liggaam in voeling met mekaar bring.
 - d) Dit is goed om 'n dansafrigter te hê.
Dit was goed om 'n dansafrigter te hê.
Dit sal goed wees om 'n dansafrigter te hê.
 - e) Jou dansafrigter hou jou fyn dop.
Jou dansafrigter het jou fyn dopgehou.
Jou dansafrigter sal jou fyn dophou.

Gevorderd

2. Skryf die volgende sinne oor, eers in die verlede tyd en dan in die toekomstige tyd.
 - a) Wanneer jy siek voel, kan jy jou danspassies aanpas.
Toe jy siek gevoel het, kon jy jou danspassies aanpas.
Wanneer jy siek voel, sal jy jou danspassies kan aanpas.
 - b) As jy moeg voel, moet jy 'n blaaskans neem.
Toe jy moeg gevoel het, moes jy 'n blaaskans neem.
As jy moeg voel, sal jy 'n blaaskans moet neem.
 - c) Jy moenie jou lyf in posisies probeer dwing waaraan dit nie gewoon is nie.
Jy moes nie jou lyf in posisies probeer dwing waaraan dit nie gewoon was nie.
Jy sal nie jou lyf in posisies moet dwing waaraan dit nie gewoon sal wees nie.
 - d) Jy het 'n goeie dansmaat vir die tango.
Jy het 'n goeie dansmaat vir die tango gehad.
Jy sal 'n goeie dansmaat vir die tango hê.
 - e) Die mense let op hoe mooi julle dans.
Die mense het opgelet hoe mooi julle gedans het.
Die mense sal oplet hoe mooi julle dans.

Basies

3. Skryf die volgende sinne oor en begin elke keer met die woorde tussen hakies.
- a) Ek ry per motor na die dansklasse toe. (Volgende week)
Volgende week sal ek per motor na die dansklasse toe ry.
 - b) My dansmaat vra my om te wals. (Gister)
Gister het my dansmaat my gevra om te wals.
 - c) My dansmaat het belowe om nie weer op my tone te trap nie. (Vandag)
Vandag belowe my dansmaat om nie weer op my tone te trap nie.
 - d) Ek sal hom help om die ritme te verstaan. (Verlede maand)
Verlede maand het ek hom gehelp om die ritme te verstaan.
 - e) Dit is nie nodig om die musiek so hard te stel nie. (Môre)
Môre sal dit nie nodig wees om die musiek so hard te stel nie.

Gevorderd

4. Skryf die volgende sinne oor en begin elke keer met die woorde tussen hakies.
- a) Die askoek, bobbejaan en meerkat is dansbewegings in die Rieldans. (By die volgende kompetisie)
By die volgende kompetisie sal die askoek, bobbejaan en meerkat dansbewegings in die Rieldans wees.
 - b) Die Rieldans word as die oudste danssoort in Suid-Afrika gereken. (In die toekoms)
In die toekoms sal die Rieldans as die oudste danssoort in Suid-Afrika gereken word.
 - c) Die Khoi San voer die Rieldans uit na 'n jag of suksesvolle oes. (Saans het)
Saans het die Khoi-San die Rieldans na 'n jag of suksesvolle oes uitgevoer.
 - d) Hulle het om die vuur gedans. (Daar is)
Daar is om die vuur gedans.
 - e) Die blikkitare, mondfluitjies en viole moedig die dansers op die dansbaan aan. (die dansers)
Die dansers word deur die blikkitare, mondfluitjies en viole aangemoedig.

Hoofstuk 3 Sinskonstruksie (*Sentence structures*)

Eenheid 2 Woordorde (*Word order*)

Oefeninge

Basies

1.

- a) Ek hou nie baie van judo nie.
- b) Ek oefen elke oggend gesinchroniseerde swem by my swemklub.
- c) Die pentathlon is 'n item wat by Olimpiese Spele plaasvind.

Gevorderd

2.

- a) Neo behoort elke week vir 'n uur by die skool boogskiet te oefen.
- b) Die 1 500 m-stap is verlede jaar gereeld deur Dirk by die atletiekbyeenkomste gewen
- c) Om modelvliegtuigies te vlieg word as 'n gewilde sport in Engeland gesien.

Hoofstuk 3 Sinstrukture (*Sentence structures*)

Eenheid 3 Sinsoorte (*Types of sentences*)

Oefeninge

Basies

1. Sê watter sin elkeen van die volgende is.
 - a) Bevelsin
 - b) Uitroepsin
 - c) Stelsin
 - d) Stelsin
 - e) Vraagsin

Gevorderd

2. Beantwoord die volgende vrae.
 - a) Wie is besig om 'n trui te brei?
 - b) Wat is Zanele besig om te brei?
 - c) Kry die inligting op die internet!
 - d) Ek het regtig nodig om sport te doen.
 - e) Siphon, blaas die vuvuzela!

Hoofstuk 3 Sinstrukture (*Sentence structures*)

Eenheid 4 Sinsontleding (*Parsing of sentences*)

Oefeninge

Basies

1. Brei die sinne met 'n byvoeglike bepaling uit.
 - a) Nathan is deel van ons **oulike en ervare** tafeltennisspan.
 - b) Om **goeie en slim** tafeltennis te speel, nodig jy 'n **harde, wit** balletjie en 'n **sterk en klein** houtspaan.
2. Onderstreep die bywoordelike bepaling in die volgende sinne.
 - a) Roshni is 'n atleet wat waterpolo met passie en deursettingsvermoë speel.
 - b) Rivahl is weer iemand wat eerder smiddae sag en snoesig in sy bed slaap.

Gevorderd

3. Brei die sinne terselfdertyd met beide bepalings uit.
 - a) Die ywerige, groot seun wil graag dadelik en vinnig leer hoe om te jag.
 - b) Die seuns in die graad 8-klas sing graag gereeld in die groot gemengde koor en speel elke Saterdag rugby op hul C-sportveld.
 - c) Ons wonderlike nuwe gholfkampioen is 'n oulike en slim meisie in graad 11 wat ook gimnastiek tussendeur die gholf doen.
 - d) Die koue, harde wind waai die klein, wit gholfballe van die gaatjie weg.

Bysinne

Basies

1. Bywoordelike bysin
 - a) Die Hollanders speel goed sokker op elke plek waar daar 'n sokkerveld is.
 - b) Die speler stamp die bal teen sy kop asof hy dit heeldag oefen.
 - c) Sokker maak jou fiks, alhoewel atletiek ook goeie oefening is.
1. Byvoeglike bysin
 - a) Die Hollanders, wat van kaas hou, speel goed sokker.
 - b) Die speler, wat goed in sport is, stamp die bal teen sy kop.
 - c) Sokker, wat 'n taktiese sport is, maak jou fiks.

Gevorderd

2. Brei die sinne met sowel 'n bywoordelike as byvoeglike bysin uit.

- a) Skermkuns, wat nie so bekend in Suid-Afrika is nie, is 'n gevegsport waaraan twee spelers deelneem, sodra hulle lank genoeg geoefen het.
- b) Skerm, 'n sport waar twee mense teen mekaar skerm, het baie vinnig ná Suid-Afrika twee internasionale kampioene opgelewer het, tot 'n gewilde sportsoort ontwikkel.
- c) Jy gebruik 'n elektroniese apparaat, wat uiters sensitief is en vinnig reageer, om te skerm terwyl jy probeer om die ander persoon eerste daarmee aan te raak.

Die reduksie van sinne

Oefeninge

Basies

1. Identifiseer die hoofsin in elk van die voorbeelde.
 - a) Toutrek het vreeslik gewild geword.
 - b) Ons het begin trek, want albei spanne was gereed.
 - c) Mnr. Mhlanga, ons vorige afrigter, woon nou in Gauteng.

Gevorderd

2. Reduseer die volgende sinne.
 - a) Sewes-rugby is nou 'n Olimpiese sport.
 - b) Heino is in die hospitaal opgeneem.
 - c) Volgende week sal die eerste span hard oefen.

Hoofstuk 3 Sinskonstruksie (*Sentence structures*)

Eenheid 5 Lydende en Bedrywende Vorm (*Active and Passive Voice*)

Oefeninge

Basies

1. Skryf die sinne oor in die lydende vorm. Begin met die onderstreepte woord.
 - e) Mense speel tennis vir ontspanning.
Tennis word deur mense vir ontspanning gespeel.
 - e) Die keurders het baie spelers vir die span gekies.
Baie spelers is deur die keurders vir die span gekies.
 - e) Kinders sal belangrike lewensvaardighede op die sportveld leer.
Belangrike lewensvaardighede sal deur kinders op die sportveld geleer word.
Belangrike lewensvaardighede sal op die sportveld deur kinders geleer word.
 - e) Wat speel kinders deesdae gedurende pouses?
Wat word deesdae gedurende pouses deur kinders gespeel?
 - e) Skop die bal vir jou maat!
Die bal moet vir jou maat geskop word.
2. Skryf die volgende sinne oor in die bedrywende vorm. Begin met die onderstreepte woord/woorde.
 - a) Die skaakspeler is deur die kinders gespot.
Die kinders het die skaakspeler gespot.
 - b) Hy is deur 'n onderwyseres aangemoedig om harder te oefen.
'n Onderwyseres het hom aangemoedig om harder te oefen.
 - c) Kinders word vandag deur Dieter aangemoedig om skaak te speel.
Dieter moedig kinders vandag aan om skaak te speel.
 - d) Rekenaarspeletjies kan nog deur kinders gespeel word.
Kinders kan nog rekenaarspeletjies speel.
 - e) Jongmense se gesondheid sal deur fiksheid beïnvloed word.
Fiksheid sal jongmense se gesondheid beïnvloed.

Gevorderd

3. Skryf die volgende sinne oor in die lydende vorm.
 - a) 'n Mens se koördinasie verbeter as jy balspeletjies speel.
Koördinasie word verbeter as jy balspeletjies speel.
 - b) Ouers moet die regte omgewing skep om hul kinders aan die beweeg te kry.
Die regte omgewing moet deur ouers geskep word om hul kinders aan die beweeg te kry.
 - c) Sport op skool sal kinders nie fiks maak nie.
Kinders sal nie deur sport op skool fiks gemaak word nie.
 - d) Sport op skool het nog altyd 'n gewoonte vir oefening gekweek.

- 'n Gewoonte vir oefening is nog altyd deur sport op skool gekweek.
- e) Onderwysers moenie kinders met sporttalent voortrek nie.
Kinders met sporttalent moenie deur onderwysers voorgetrek word nie.
 - f) Neem net eerstespan-spelers aan sport deel?
Word daar net deur eerstespan-spelers aan sport deelgeneem?
 - g) Ons sal die spelers later vandag in aksie sien.
Die spelers sal later vandag deur ons in aksie gesien word.
 - h) Die span het baie punte aangeteken.
Baie punte is deur die span aangeteken.
 - i) Onderwysers gee televisie die skuld vir kinders se luiheid.
Die skuld vir kinders se luiheid word aan televisie gegee.
 - j) 'n Mens teken nie 'n doel so aan nie.
'n Doel word nie so aangeteken nie.

Hoofstuk 3 Sinstrukture

Eenheid 6 Direkte en indirekte rede (*Direct an indirect speech*)

Oefening

Basies

1. Skryf die sinne in die indirekte rede.
 - a) Lydia sê vir Abrie dat hy beslis hulle beste vleuel is.
Lydia sê vir Abrie hy is beslis hulle beste vleuel.
 - b) Abrie antwoord dankbaar dat hy maar net sy bes doen.
 - c) Lydia vra vir Abrie of hy geweet het dat tafeltennis 'n sport is.
 - d) Abrie antwoord Lydia verbaas dat dit vandag die eerste is wat hy daarvan hoor.
2.
 - a) Lydia het vir Abrie gesê dat hy beslis hulle beste vleuel is.
Lydia het vir Abrie gesê hy is beslis hulle beste vleuel.
 - b) Abrie het dankbaar geantwoord dat hy maar net sy bes doen.
 - c) Lydia het vir Abrie gevra of hy geweet het dat tafeltennis 'n sport is.
 - d) Abrie het geantwoord dat dit daardie dag die eerste was wat hy daarvan gehoor het.

Gevorderd

3. Skryf die sinne in die direkte rede.
 - a) Janine sê: "Ag nee! Ek het my swempet by die huis vergeet!"
 - b) Carl het vir Janine gesê: "Toemaar, jy kan myne leen!"
Carl het gesê: "Toemaar, Janine, jy kan myne leen."
 - c) Janine vra: "Carl, hoe gaan jy sonder jou kep swem?"
Janine vra vir Carl: "Hoe gaan jy sonder jou kep swem?"
 - d) Carl het geantwoord: "Ek het vandag twee saamgebring vir in geval iemand syne vergeet het."

Hoofstuk 3 Sinstrukture

Eenheid 7 Ontkennende/Negatiewe vorm (*The negative form*)

Oefeninge

Basies

1. Skryf die sinne oor in die negatiewe vorm.
 - a) Sarah is nie mal oor perdry nie.
 - b) Justin is nie die skool se steratleet nie.
 - c) Het jy nie onthou om jou beenskutte ook in te pak nie?
 - d) Ek oefen nie gereeld langer as 'n uur aan my omdraai in die swembad nie.
2. Skryf die sinne oor in die ontkennende vorm.
 - a) Nee, ek het nie geweet sierswem is 'n sport nie.
 - b) Nee, gimnastiek was nog nooit my gunstelingsportsoort nie.
 - c) Nee, ek gaan nie hierdie jaar aan die Epic deelneem nie.

Gevorderd

3. Skryf die sinne oor in die negatiewe vorm.
 - a) Jy moenie eers jou huiswerk doen en dan jou perd kosgee nie!
 - b) Bongani is nie 'n beter gholfspeler as Zuki nie, want hy speel nog nie vir drie jaar nie.
 - c) Ek gaan aan nóg trompoppies nóg ballet deelneem.
4. Beantwoord die sinne in die ontkennende vorm.
 - a) Nee, ek het nie geweet Xia was nog altyd die skyfskietkampioen nie.
 - b) Nee, daar hoef nie ag kinders in 'n tennisspan te wees nie.
 - c) Nee, ek gaan glad nie hierdie jaar aan skaak deelneem nie.

Hoofstuk 4 Punktuasie, Spelling en Woordeboeke

Eenheid 1: Punktuasie/ Leestekens (*Punctuation*)

Oefeninge

Basies

1. Skryf die volgende sinne oor en vul van die leestekens in die blokkie hieronder in

<i>punt; komma; uitroepteken; vraagteken; aanhalingstekens; dubbelpunt; kommapunt</i>

- a) Om na musiek te luister is soos om kos te eet
Om na musiek te luister, is soos om kos te eet.
- b) Die regte soort musiek en die regte hoeveelheid musiek is goed vir jou
Die regte soort musiek en die regte hoeveelheid musiek, is goed vir jou.
- c) Dink hieraan daar is baie voordele aan musiek
Dink hieraan: Daar is baie voordele aan musiek.
- d) Glo jy dat musiek jou beter kan laat voel
Glo jy dat musiek jou beter kan laat voel?
- e) As my hele dag skeefloop, kan ek my gunstelingmusiek speel dan voel ek
sommers dadelik beter
As my hele dag skeefloop, kan ek my gunstelingmusiek speel; dan voel ek
sommers dadelik beter.
- f) Kan ek nie maar elke dag van my lewe net na musiek luister nie
Kan ek nie maar elke dag van my lewe net na musiek luister nie!
- g) Musiek skep 'n band tussen mense want almal verstaan daardie taal
Musiek skep 'n band tussen mense, want almal verstaan daardie taal.
- h) Mnr James sê Musiek help 'n mens om waardevolle eienskappe te ontwikkel
Mnr. James sê: "Musiek help 'n mens om waardevolle eienskappe te ontwikkel."
- i) As jy leer om 'n musiekinstrument te speel sal dit jou help om selfdissipline en
geduld aan te leer
As jy leer om 'n musiekinstrument te speel, sal dit jou help om selfdissipline en
geduld aan te leer.
- j) Dis nie iets wat jy vinnig kan baasraak nie die enigste manier om te verbeter is
om te oefen
Dis nie iets wat jy vinnig kan baasraak nie; die enigste manier om te verbeter, is
om te oefen.

Gevorderd

2. Skryf die volgende sinne oor en vul die korrekte leestekens in.

- a) Refentse Morake is 'n splinternuwe talentvolle jong sanger
Refentse Morake is 'n splinternuwe, talentvolle, jong sanger.
- b) Hier is 'n passievolle kunstenaar nie net vir sy musiek nie maar vir die lewe self.
Hier is 'n passievolle kunstenaar – nie net vir sy musiek nie, maar vir die lewe self.
- c) Hy het in 2015 sy matriek voltooi aan Vereeniging Gimnasium
Hy het in 2015 sy matriek voltooi aan Vereeniging Gimnasium.
- d) Dis 'n man met ambisie as hy nie gesing het nie sou hy graag ons volgende President wou wees.
Dis 'n man met ambisie; as hy nie gesing het nie, sou hy graag ons volgende President wou wees.
- e) Genugtig is dit nou nie 'n aanduiding van hoe ver sy ambisie strek nie
Genugtig! Is dit nou nie 'n aanduiding van hoe ver sy ambisie strek nie?
- f) Daar wag beslis gróót dinge op hierdie jongman
Daar wag beslis gróót dinge op hierdie jongman!
- g) Luister en kyk op YouTube-videos na Afrikaanse treffers soos Lisa se Klavier De la Rey en Ou Ryperd.
Luister en kyk op YouTube-videos na Afrikaanse treffers soos: Lisa se Klavier, De la Rey en Ou Ryperd.
- h) Hy was selfs al op die RSG-verhoog by KKNK saam met Karen Zoid
Hy was selfs al op die RSG-verhoog by KKNK saam met Karen Zoid.
- i) Het hy nie oornag 'n internet-sensasie geword met sy vertolking van Afrikaanse liedjies nie
Het hy nie oornag 'n internet-sensasie geword met sy vertolking van Afrikaanse liedjies nie?
- j) Sjoue nou het sy eerste CD, *My hart bly in 'n taal*, platinum status behaal
Sjoue! Nou het sy eerste CD, *My hart bly in 'n taal*, platinum status behaal.
